# ECHO OF HIS CALL

AFRIKAANS

## EGGO VAN SY ROEP

India's National Spiritual Newspaper

₹ 10/-

REACHING NATIONS

Published monthly in ENGLISH, TAMIL, MALAYALAM, TELUGU, HINDI, KANNADA, MARATHI, BENGALI, GUJARATI, ODIYA, ASSAMESE, PUNJABI, NEPALI, URDU, SINHALA & AFRIKAANS

*Redakteur:* S. SAM SELVA RAJ | - In 16 Tale | *Mederedakteur:* BRO. WILLEM JACOBUS PRETORIUS

Vol. XVIII YEAR OF OUR LORD JESUS CHRIST, 2024 AUGUST No. 02


### DIE HEILIGE SKRIF

Memoriseer asseblief hierdie gedeelte.

**PSALMS 85:2-10**

2 U was goed vir u land, Here, U het aan die nageslag van Jakob 'n nuwe toekoms gegee;

3 U het u volk sy sonde nie toegereken nie, hom al sy skuld kwytgeskel. Sela.

4 U het u woede laat bedaar, u gloeiende toorn laat afkoel.

5 Ontferm U weer oor ons, o God, ons Verlosser, moet tog nie langer op ons toornig wees nie!

6 Sal U dan altyd vir ons kwaad bly? Sal U dan u toorn van geslag tot geslag laat voortduur?

7 Wil U nie weer die lewe vir ons nuut maak sodat u volk hulle vreugde in U kan vind nie?

8 Laat ons u troue liefde belewe, skenk ons u reddende hulp, Here.

9 Ek wil luister na wat God die Here sê, want sy woord bring vrede vir sy volk, vir dié wat Hom getrou dien. Hulle moet net nie weer afdwaal nie.

10 Waarlik, uitkoms is naby vir dié wat Hom dien: Hy sal sy reddende mag in ons land openbaar.

# DIE HEER VAN DEURBRAKE

## BAÄL PÉRASIM

*Geagte Hoofredakteur, Ds. Angeline Selvakumari*



Ek groet al my **Echo of His Call** uitgebreide familie. Dit is altyd 'n groot vreugde om julle met hierdie bladsye te kontak. Ons nader 'n nuwe seisoen soos die somer nader kom. Elke seisoen het sy eie skoonheid. Ons het die hitte en die reën nodig vir groei. Die Bybel leer ons dat **God elke ding gemaak het dat dit pas in 'n bepaalde tyd** (Prediker 3:11). Salomo het gesê daar is 'n tyd en seisoen vir elke ding onder die son. Ek is onseker oor die seisoen wat jy sover hierdie jaar beleef het, maar onthou: die beste kom nog. Wat belangrik is, is om te leer om God se beloftes te omhels. Soms is ons bewus van God se beloftes, maar ons sukkel om dit persoonlik te aanvaar.

....verv. op.bls. 3


**Echo of His Call**



***YouTube Christian Channel !***

**Jy sal die geleentheid kry om saam met Pr. S. Sam Selva Raj te bid!**

**Boodskap & gebed in 5 minute!!**

**Engels, Hindi, Tamil & Telugu**

Elke dag – From 2.00 vm

**Tamil Sondagdiens – 8.30 vm.**

* Please Subscribe and Share *

# ECHO OF HIS CALL - (1969-2019 GOLDEN JUBILEE YEAR)



## van julle geliefde broer...



### Ons Sendingopdrag

Ons moet die huidige generasie onderrig in die onvervalste leer van die ou, vroeë Apostels. Dit is die behoefte van ons tyd.


HON. EDITOR-IN-CHIEF
Rev. Angeline S. Kumari, M.A., M.Sc., M.Ed.
HON. MANAGING EDITOR
Pastor Alex Samson Sam, B.Th., M.Div.
GENERAL MANAGER
Bro. N. Prakasam, M.A., M.Sc.(C&P), PGDHRM, MBA.
ADMINISTRATION
Sis. Jesy Veena Sam
Adv. K. Puratchivendan, M.Com., C.A., B.L.
Dr. P.E.R. Premchand, M.Sc., M.A., M.Ed., Ph.D.
Dr. C.G.S. Baburao, B.Tech., M.Tech. (DM), Ph.D.
Dr. Rabinder Boaz, M.S. (CMC)
EDITORIAL BOARD
Dr. Serena Bevin, M.A., M.Phil., B.Ed.
Sis. Sajini Cherian
Rev. Dr. K.R. Rajasekaran
EDITOR, PUBLISHER & PRINTER


Pastor S. SAM SELVA RAJ
Echo of His Call Printers
10, Mohammed Abdullah 2nd Street,
Chepauk, Chennai- 600 005, India.
Phone : (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766
Cell : (+91) 98410 71852, 98412 71858 95661 31858
E.MAIL
sam@echoofhiscall.org
biblecor@yahoo.co.in
WEBSITES
www.echoofhiscall.org
www.stpaulsmatriculation.com
YOUTUBE CHANNEL
Echo of His Call


**Die lof kom God toe wat my gebed nie afgewys en sy trou nie van my weerhou het nie - Psalm 66:20**

Geliefde broers en susters,

Hartlike groete van die hoofkwartier van **Echo of His Call** vir julle en jul geliefdes, in die Naam van ons Heer en Verlosser, Jesus Christus.

Ons noem graag hoe spesiaal julle vir ons is! Deur die jare het julle en jul ouers en grootouers saam met ons die geestelike reis van **Echo of His Call** meegemaak sedert dit begin het in 1969. Dit is vir ons 'n groot vreugde om terug te dink aan die genade van God wat heeltyd by ons was.

Wanneer ons op 10 Augustus die 56ste jaar van **Echo of His Call** begin, hou ons hande saam met julle en vier die oorwinning en getrouheid van ons Here en Verlosser Jesus Christus in al hierdie tyd. Ons waardeer en bedank julle van harte vir julle onophoudelike goedheid teenoor ons, ten spyte daarvan dat ons klein en nietig is voor mense en voor God. Julle gebede, bydraes en ondersteuning het vir ons baie beteken. My opregte gebed is dat God die vensters van die hemel sal oopmaak en sy oorvloedige seëninge oor julle sal uitgiet.

As God wil sal ons die 56ste Evangelie Herdenking hou van 9 tot 11 Augustus, op 'n beskeie manier. Die program sal evangelie-byeenkomste in die aand insluit, ook jeugaksies en kinderprogramme by ons Hoofkerk. As jy dalk Chennai in daardie tyd besoek, kom kuiers dan gerus saam.

Ons het nou nie die middele om uitermatige vierings te hou nie, maar ons gaan beslis die heerlikheid van ons getroue Meester, Jesus Christus verkondig in daardie tyd met wat ons dan beskikbaar gaan hê.

Tydens ons besoeke by ons sendingposte het ons onlangs na twee afgeleë dorpies gegaan in die staat Gujarat, naamlik Dumda en Akirpada in Noord Indië, van 28 tot 30 Junie 2024. Ons beplan om heelwat meer plekke te besoek in Indië en verder. Ons sal dit waardeer as julle hiervoor sal bid.

Met die genade van God gaan ons voort om die evangelie te versprei, leiers te versorg en kerke te vestig waar ons ook al gaan, alles vir die eer van ons Heer en Verlosser Jesus Christus.

Ongeag verskeie beproewings en versoekings in ons gesinne en bedienings is ons dankbaar vir julle volgehoue ondersteuning. Ons marsjeer hand aan hand voort saam met julle. Hou ons asseblief in gedagte en doen soos ons Here jou lei. Julle is vir ons dierbaar en ons bid graag vir julle. Liefde en seën,

Julle dienaars in Christus Jesus,

PS. ALEX SAMSON SAM
PS. S. SAM SELVA RAJ

(+91) 98412 71858 / 98410 71858, Epos: sam@echoofhiscall.org

**Our Ministries:** ECHO OF HIS CALL Monthly Magazines (16 languages) · BIBLECOR - Postal Courses (3 languages) · YouTube Ministry · Online Courses · Theological Correspondence Courses (2 languages) · Church Planting · Nehemiah Bible Colleges · Gospel Printing Press · Great Commission Partners · St. Paul's Matriculation School · Crusades · Community Development

## VRIENDELIKE AANDAG: ECHO OF HIS CALL LESERS

Ons 5 minute **Echo of His Call** YouTube boodskappe word uitgesaai vanaf 2.00 vm. in Tamil, Telugu, Engels en Hindi (daagliks). Jy kan die genade van God ondervind deur daarna te kyk.

Nog meer, stoor my mobiele nommers (+91) 98410 71858, (+91) 98412 71858 (persoonlik) op jou selfoon.

- Pr. S. Sam Selva Raj

*verv. v. bls.1*

Dit mag dalk weke, maande, jare of selfs dekades vat om God se beloftes in jou lewe te sien waar word. Dawid het 15 tot 20 jaar gewag op die vervulling van die profesie oor sy lewe, vandat Samuel hom gesalf het om Israel se koning te word. God jaag nie, maar vertraag ook nie. Hy werk volgens sy perfekte tydsberekening. Ons moet geduldig wag om te sien hoe Hy sy plan ontvou op sy bepaalde tyd. Dawid het dit verstaan, daarom herinner hy homself dikwels in die Psalms om "te wag op die Here." Hierdie tema kom in baie van sy psalms voor. Sy beskrywings van God se eienskappe is weergaloos in die Bybel: God wat gebede antwoord, ons trane bewaar, 'n herder, skuilplek, toevlug, gids, vriend, moeder, vader, eggenoot, metgesel, rots, skaduwee. Sy name vertoon sy lewenservarings. Een benaming wat my bybly kry ons in 2 Samuel 5:20: Baäl-Pérasim, wat beteken "Heer van deurbrake" of "Heer wat oopkloof." Soos 'n stroom water 'n wal in sy pad oop spoel, so sal God grense vernietig en deurbrake bring. Wat 'n besonder wonderlike Naam!

Die benoeming van mense, besighede en tuistes na luid van 'n visioen is 'n praktyk wat besondere betekenis en krag dra. Dit is wys om by God raad te vra wanneer jy 'n naam moet gee, want ons glo 'n naam dra 'n spesiale salwing. In die Bybel sien ons heelwat name wat besondere betekenisse het.

## DAL VAN REFAIM!

Bietjie agtergrond oor die naam Baäl-Pérasim. In 2 Samuel 5 was Dawid se salwing as koning 'n besonderse mylpaal in sy lewe. Al het hy die goedheid van God geniet en vervulling ervaar soos 'n boom van die lewe (Spreuke 13:12), het hy ook uitdagings beleef. Die duiwel, geteken as 'n leuenaar en brullende leeu, wou Dawid se vrede en vreugde versteur en die seëninge oor hom ondermyn.

Toe die Filistyne hoor dat Dawid as koning gesalf is, het hulle stelling ingeneem in die Refáim-dal (Spooklaagte), vir hulle 'n simbool van 'n plek waar reuse woon.

## (1) DIE SATAN GEE AANDAG AS JY IN DIE MIDDEL VAN GOD SE PLAN IS!

Hierdie strategiese skuif van die vyand illustreer wat jou teenstaan as jy in lyn met God se wil is. Toe Dawid die bedreiging eien, het hy eers Goddelike leiding gesoek voordat hy 'n geveg begin het, en so gewys dat hy steun op God se plan.

Wanneer gelowiges omring en vasgevang voel, moet hulle onthou dat God, die Heer van die leërskares, alom teenwoordig is. Die spooklaagte wat beskou was as 'n vyandelike vesting, het toe 'n plek van Goddelike ingrype geword toe God die teenstanders verstrooi het soos wanneer 'n damwal breek. Hierdie oorwinning vertoon God se rol as Baäl-Pérasim, die Heer van deurbrake, in staat om oënskynlike neerlaag om te keer in weergalmende oorwinning.

Liewe vriende, waar jy ook al is, waarin jy jou ook al bevind, hou moed, wees sterk, dapper, want ons dien die God van deurbrake! Hy verseker ons Hy gaan ons vooruit en verslaan ons vyande. Die oorwinning wat God vir Dawid gegee het oor die Filistyne was merkwaardig, soos 'n kragtige stortvloed van water wat alles in sy pad verspoel. Daarom het Dawid die plek genoem: Plek van Deurbrake.

Liewe vriende, onthou, hierdie is jou deurbraak-plek! Bid, eien dit toe, bely dit, spreek dit uit met vertroue: "Dit is my deurbraak-seisoen. Baäl-Pérasim sal my lei, elke wapen wat teen my, my gesin, my huwelik, my besigheid, my kinders, my bediening opgerig word, vernietig. Hy is Baäl-Pérasim." Sê dit hardop met onwankelbare geloof. Moenie fokus op die huidige situasie nie; vertrou op God se plan. Net soos dit onlogies was vir Israel om rondom Jerigo te loop vir sewe dae, moet ons nie steun op ons eie begrip nie. Dit sou nie vir Moses sin gemaak het om te glo dat God sy mense kon bevry met net 'n herderstaf in sy hand nie. Kyk met oë van geloof, glo dat God, as Baäl-Pérasim, vooruit gaan om ons vyande te verslaan. Amen!

## (2) IN 'N STRIK GEVANG? GAAN NA GOD SE TEENWOORDIGHEID!

As jy in 'n hinderlaag is en vasgevang is in 'n sonde-patroon of traag geraak het en vooruitgaan onmoontlik lyk, moet jy God se teenwoordigheid soek vir 'n deurbraak. Toe Dawid merk dat hy omring is deur die vyand, het hy by God leiding gesoek. Is dit ook ons eerste reaksie met ons probleme? Stop eers jou besig-wees, trek terug na God se vesting, en bid vurig. Gaan naby Hom in nederigheid, vra, soek en klop aan sy deure. Die Naam van die Here is 'n sterk vesting, die regverdige vind daar skuiling (Spreuke 18:10).

Dawid soek God se raad wanneer hy omsingel voel, nederig knielend in gebed vir goddelike ingryping. In 2 Samuel 5:19 is geskryf: "**God het hom geantwoord.**" Ons aanbid 'n God wat gebede hoor en antwoord, maar ons toenadering moet opreg wees. Om 'n deurbraak te kry moet ons erns wys deur onophoudelik te bly fokus en God se leiding te soek totdat sy antwoord duidelik word. Hoe gewigtiger die saak, hoe meer innig ons gebede daaroor. En moenie vergeet om die band met die gemeenskap van gelowiges te versterk nie.

## (3) VAN SPOOKLAAGTE TOT BAÄL PÉRASIM – 'N HERSKEPPENDE SKUIF!

Die Filistyne het in die Spooklaagte geskuil en planne teen Dawid beraam. Hierdie Spookdal simboliseer 'n plek waar die satan stelling inneem om te pla, te beskadig en God se bedoeling in jou lewe te belemmer, insluitend jou kinders en jou roeping. Sommige mag hulself in so 'n laagte van mislukking, neerlaag en wanhoop bevind, maar dit is juis die plek waar hul teenstanders verslaan sal word en vol vrees sal vlug. Ten spyte van die ontmoedigende teenwoordigheid van vyande soos brullende leeus, is dit presies waar God seëvierende oorwinning bewerk, 'n veld waar die grense verskuif word.

## BAÄL PÉRASIM!

**Baäl Pérasim** is 'n plek wat Dawid vernoem het na 'n Filistynse god. Dit dui op 'n sleutelgebied waar die vyand se vermeende krag deur God se ingryping verpletter is. Dit dien as 'n getuienis van God se mag oor die vyand se vestings. Vandag wil God vir ons deurbrake gee juis waar dit lyk asof die vyand die hef in die hand het. Net soos Dawid verstaan ons nie altyd die volle omvang van God se planne vir ons lewens nie, omdat ons beperkte indrukke het van sy onsigbare werk ter wille van ons. Vertroue in die Here se getrouheid lei tot triomfantlike uitkomste selfs in die moeilikste slagvelde van die lewe.

Soos God se leërmag van engele die Israeliete gelei het, net so is Hy aktief besig in jou lewe om groot oorwinning te bewerk waar jy dit al lank verwag. Dit is 'n belangrike beginsel, want dikwels wanneer God in die stilte gebeure in ons lewens bewerk, kan ons dit verkeerdelik beskou as dat Hy afwesig is, wat ons dan verlate laat voel.

Geliefde broers en susters in die Here, verklaar met vrymoedigheid: "Hierdie is my deurbraak oomblik. Vandag is die begin van my oorwinning." Soos God die Spookdal vir Dawid verander het in Baäl Pérasim, so is Hy vandag gereed om te doen vir elkeen van ons.

*....verv. op.bls. 6*


**NEHEMIA RESIDENSIëLE BYBELKOLLEGE, TSJENNAI**

ECHO OF HIS CALL 1969-2019
REACHING NATIONS

Bid asb. vir

Medium : Hindi

Erken deur Internasionale Christenleiers & Senior pastore vir die afgelope 54 jaar

**Diploma in Theology**

Haas jou vir toelating!

Kwalifikasie: 10de Standerd (Graad 12) of hoër

Contact : The Chairman, Nehemiah Bible College.

10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA.
Phone : (+91-44) 2852 8282, Cell : (+91) 98410 71852 / 95661 31858
E.mail : sam@echoofhiscall.org / Website : www.echoofhiscall.org

✶ AANLYN KLASSE IS BESKIKBAAR ✶

GREAT COMMISSION PARTNERS
ECHO OF HIS CALL MINISTRIES SINCE 1969

# GROOT OPDRAG-VENNOTE

**OM TE DEEL** (Galasiërs 6:2), **ONDERSTEUN** (Romeine 12:13) & **TE BESPOEDIG** (2 Timoteus 1:6)

## GEBEDSPUNTE - 2024 Augustus 19 Tot September 18

(Haal asseblief hierdie blad uit, vou dit en hou dit in jou Bybel en bid voortdurend)

### Prys God vir …

**Augustus 19** ➲ Seën op ons **Nehemia Bybelkollege** fakulteit en hulle gesinslede.

**Augustus 20** ➲ Sy genade oor ons Gebedsvennote, Ingeskrewe vennote, geloofsvennote, Lewensvennote en Groot Opdragvennote en hul gesinne.

**Augustus 21** ➲ Seën op ons bediening met toegewyde Hulpredakteurs wat **Echo of His Call** tydskrifbediening ondersteun.

**Augustus 22** ➲ Sy seën oor ons met toegewyde werknemers wat hulle pligte uitvoer in eenheid van gees.

**Augustus 23** ➲ Seën op ons **Echo of His Call bedienings** met diens van buite deur plaatmakers, plaatskuurder, drukker-ink-verskaffers, skermdrukkers, ens.

**Augustus 24** ➲ Sy seën oor ons met vennote wat ons moreel en finansieel ondersteun.

**Augustus 25** ➲ Seën oor ons **St. Paul Matrikulasieskool** se hoof, personeel en studente.

**Augustus 26** ➲ Sy seën oor ons **St. Pauls Matrikulasieskool**, **Nehemia Bybelkolleges** en **Korrespondensie kursusse**.

**Augustus 27** ➲ Die groot toegewydheid van die Sendingwerkers.

**Augustus 28** ➲ Seën op ons 56ste Verjaardagvierings gehou op die 10de Augustus 2024.

**Augustus 29** ➲ Sy sorg oor ons Senior Pastoor en sy gesin.

**Augustus 30** ➲ Die Sendingbesoek by Surat, Gujarat deur Ds. S. Sam Selva Raj en die span.

**Augustus 31** ➲ Sy voorsiening in ons behoeftes die afgelope maand.

**September 01** ➲ Die toevoeging van nuwe lede by ons Kerke.

**September 02** ➲ Nuwe toelatings by **St. Paul Matrikulasieskool**.

**September 03** ➲ Beskerming van al ons personeellede en hulle gesinne.

### Bid asseblief vir …

**September 04** ➲ Ons Senior Pastoor S. Sam Selva Raj dat hy geseën word met nuwe visies vir sy veelvuldige bedienings.

**September 05** ➲ Voorspoed van **Echo of His Call** gelowiges en hul gesinne wat aan die Hoofkerk en Susterkerke behoort.

**September 06** ➲ God se seën en beskerming oor alle Christelike organisasies en Kerke.

**September 07** ➲ Uitbreiding van ons bedienings en wêreldwye verkondiging van die evangelie.

**September 08** ➲ Christen predikers om die evangelie suiwer en onvervals te preek.

**September 09** ➲ Eenheid en vrede vir alle nasies.

**September 10** ➲ Ons Drukker, Hulpdrukker en al die personeel van die Drukpers.

**September 11** ➲ Die veiligheid van ons Senior Pastoor S. Sam Selva Raj en sy gesin teen alle bose magte.

**September 12** ➲ Ons bedieningsaksies en uitbreidings.

**September 13** ➲ Ons dat ons die onbereikte plekke in Indië kan bedien.

**September 14** ➲ Die veiligheid van alle vroue en kinders oor die wêreld.

**September 15** ➲ Die Here se ontmoeting met elke alkoholis en kwaaddoener sodat hulle sal stop en bekeer.

**September 16** ➲ Meer nuwe studente vir ons **Nehemia Bybelkolleges**.

**September 17** ➲ Die welsyn van ons Land se Koördineerders en hul gesinne.

**September 18** ➲ God se voorsiening in ons behoeftes vir die komende maand.

*verv. v. bls.4*

In 2 Samuel 5:21 sien ons hoe die **Filistyne vlug en hul eiendom afgee toe Dawid se magte alles verbrand en vernietig het.**

Ek bid dat die Here jou sal vooruit gaan, jou dale van worsteling omkeer in plekke van oorvloedige seën, jou sal bemagtig om alles wat die vyand agter gelaat het, te verwoes. Onthou, wanneer die vyand jou gedurig aanval, wees verseker dat jy op die regte plek is – God is besig met wonderwerke in jou lewe.

Ons teenstanders is op vlug, verstrooid deur God se ingryping. Dawid se soldate het alles wat teen hulle was, verbrand en net as agter gelaat.

************

# DIE HERE IS AAN DIE KANT VAN DIE GOEIE ! (2 Kronieke 19:11)

(Boodskap aan die Kerk gelewer deur Pastor S. Sam Selva Raj)

Die beloning van 'n getroue lewe is dikwels nie uiterlik sigbaar nie. Ons sien dalk mense floreer terwyl hulle in leuens en nietigheid leef. Dit laat ons dink: “Wat is die nut daarvan om getrou te leef?” Maar soos die tyd verbygaan ontvang die getroues oorvloedige goddelike hulp. **“'n Betroubare man is baie voorspoedig, ...”** (Spreuke 28:20).

1. GOD sal dadelik hulle gebede hoor.
2. GOD sal hulle versoeke toestaan.
3. Die engel van die Here sal altyd gereed wees om hulle te help terwyl hulle in gevaar verkeer.

Koning Hiskia was regverdig voor God: **“Hiskia het op die Here die God van Israel vertrou. Nie een van al die konings van Juda voor of na Hiskia was soos hy nie. Hy was getrou aan die Here en het nie van Hom af weggedraai nie. Hiskia was gehoorsaam aan die gebooie wat die Here aan Moses gegee het. Die Here was by Hiskia, en Hiskia was voorspoedig in alles wat hy onderneem het.** (2 Konings 18:5-7).

In 2 Konings 20 sien ons dieselfde koning ernstig siek. Hy het sy gesig na die muur gedraai en gebid: **“Ag, Here, neem tog in ag dat ek voor U in trou en met volle oorgawe geleef het en dat ek gedoen het wat reg is in u oë.”** (2 Konings 20:3).

Tevore het ons die tydskrif gedruk by 'n Christen drukker. Op 'n keer het die opsiener van die drukkery gesê: “Pastoor, wanneer ons drukwerk doen vir mense van die wêreld, weet ons dat hulle ons betaal daarvoor. Maar wanneer ons werk doen vir dienaars van God, is dit moeilik om geld by hulle te kry. Hulle het die geld, maar is onwillig om te betaal. Ek wonder hoe werk hulle vir GOD!”

In die Bybel kry ons mense wat 'getrou' is en mense wat 'opreg' is. Daar is 'n noue verband tussen 'getrou' wees en 'goed' wees. Ons lees in 2 Kronieke 19:11 **“Die Here is aan die kant van die goeie (opregte).”** En in Psalm 15:1-2 lees ons: **“Wie mag op u heilige berg vertoef? Hy wat onberispelik wandel en doen wat reg is, ...”** 2 Kronieke 16:9 verklaar: **“Die Here het sy oë oral op die aarde sodat Hy dié kan help wat met hulle hele hart op Hom vertrou.”**


## NEHEMIA AAND-BYBELKOLLEGE, TSJENNAI

ECHO OF HIS CALL 1969-2019 GOLDEN JUBILEE REACHING NATIONS

Bid asb. vir

HAAS JOU VIR TOELATING!

Medium : Tamil

Erken deur Internasionale Christenleiers & Senior pastore vir die afgelope 54 jaar

**Diploma in Theology**

**Kwalifikasie: 10de Standerd (Graad 12) of hoër**

**Contact : The Chairman, Nehemiah Bible College.**

10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA.
Phone : (+91-44) 2852 8282, Cell : (+91) 98410 71852 / 95661 31858
E.mail : sam@echoofhiscall.org / Website : www.echoofhiscall.org

✶ AANLYN KLASSE IS BESKIKBAAR ✶

God soek na 'n opregte geslag (Lukas 1:17). **"Hy laat eerlike mense sukses behaal en Hy beskerm dié wat onberispelik lewe."** (Spreuke 2:7). "Noag was 'n regverdige man. Onder sy tydgenote was hy onberispelik ..." (Genesis 6:9). **"Ek is God die Almagtige. Lewe naby My en wees opreg!"** (Genesis 17:1). **Die Here vra toe vir die Satan: "En my dienaar Job, het jy hom raakgesien? Sy gelyke kry jy nie op aarde nie: hy is vroom en opreg, hy dien My en vermy die kwaad."** (Job 1:8).

**En sy vrou het vir hom (Job) gesê: "Bly jy nog steeds vroom? Vervloek God en sterf!"** (Job 2:9). **"Ek is onskuldig, U hou my vas en laat my altyd by U bly."** (Psalm 41:13). **"Aan Timoteus, my eie kind in die geloof."** (1 Timoteus 1:2).

Eerstens, Noag het uitgestaan bo sy geslag. Ons behoort ook vir God te bedank dat ons alleen opreg voor Hom geleef het in hierdie bose wêreld. Hy gee vir elkeen verskillende talente, stemme, genade en geleenthede. Wanneer ek alleen in my kamer is, bid ek: "Ek prys U dat U by my is. Ek sou nie alles kon doen as U nie by my is nie." Dis weens sy goddelike krag en salwing dat ons groot dinge kan doen. Ons word genees. God kon sien Noag was 'n opregte man in die bose bevolking. Ons behoort ook opreg te leef en te geniet om met God te wandel.

As ons nie hebsugtig is nie, maar betroubaar is alle onderhandelings en God altyd eerbiedig, sal Hy met ons wandel. Ons kan sy teenwoordigheid ervaar wanneer ons alleen is.

Tweedens, God het Noag geroep om 'n ark te bou. Baie sê: "Laat God my persoonlik roep en presiese opdrag gee. Dan sal ek


## Echo of His Call Postal Courses for candidates in India only

### 1. BIBLECOR

**Bid asb. vir**

Ons bied Korrespondensiekursusse aan oor Basiese Waarhede van die Bybel vir nuwe Christene en nie-Christene in Engels – 57 bladsye, Hindi – 76 bladsye & Tamil – 96 bladsye. Jy kry 'n kursusboek met die titel **New Life – For You! Na voltooiing van hierdie kursus sal jy 'n sertifikaat ontvang. Daar sal geen verpligte gelde wees nie. Jy sal geseën word!**

### 2. THEOLOGICAL CORRESPONDENCE COURSE

Advanced Distance Education called **Theological Correspondence Course** is available in English – 537 pages and Tamil – 652 pages for Pastors, Evangelists, Christian Leaders and for lay people who have passion to do God's Ministry! A fee of Rs. 1000/- is charged. 7 Books with 149 Chapters are supplied. **Certificate in Ministry** will be awarded. **God will bless you!**

***For more details, write to us.***

**The Chairman, Nehemiah Bible College,**

**Echo of His Call, Post Box 2957,** CHEPAUK, CHENNAI - 600 005.

**Ph.: (044) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766, Cell : 98410 71852, 95661 31858**

**E.mail : biblecor@yahoo.co.in**



## Ons bankbesonderhede in Suid-Afrika

U blymoedige gawes kan gestuur word aan Echo of His Call Ministries vanaf enige plek in Suid-Afrika. Dit kan inbetaal word in ons bankrekeninge soos hier onder verstrek. As u aan ons ook die besonderhede stuur van u debietorder/oorbetalings/oordrag, sal dit moontlik wees om aan u 'n kwitansie uit te reik.

### *Ons bankbesonderhede:*

**ABSA BANK : Echo of His Call Missions**
**BANKKODE: 334515**
**REKENINGNO: 905 129 1908**
**TAK: JEFFREYSBAAI**
**KONTAKPERSOON: Mev Elbe Smit**
**Tel: (042) 296 1337 Sel: 084 813 2554 / e-pos: miemie60h@gmail.com**

**SIS. ELBINA SMITH**
**Address : DR. A. D. KEET STREET, WAVECREST, JEFFREYS BAY 6330.**

**Meld asb. u naam en naam van u dorp/stad op die bankdepositostrokie wanneer u donasies deponeer**



# PUT TOT PALEIS

**(Lewenservarings van Pastoor S. Sam Selva Raj)**

**"Wie dit lees moet dit goed begryp" Matteus 24:15**

## MAAR DIÉ WAT OP DIE HERE VERTROU, KRY NUWE KRAG ... EN RAAK NIE AFGEMAT NIE - JESAJA 40:31

Gedurende my vroeër jare in 1972 het die Gees van die Here my aangepor om 'n evangeliese veldtog te loods in 'n plek genaamd Saidaper, Chennai. Ons het goed geadverteer met muur-plakkate, pamflette ens. om mense te nooi daarheen. Ek en medewerkers het soveel moontlik mense probeer bring.

Daar was baie gebid vir hierdie geleentheid. Sommige vriende het hulle musiekinstrumente en spesiale bladmusiek gebring. Teen openingstyd van die veldtog het ons nog geen mense sien opdaag nie. Maar ons het vir 'n lang tyd gewag en uiteindelik het twee broers opgedaag. Al my medewerkers wat so hard gewerk het hiervoor was baie hartseer. Hulle het my gevra hoekom God nie ons opregte gebede verhoor het in erkenning van ons harde werk nie. Ek het gesê dat Hy sekerlik sy antwoord het op sy eie manier. Ek het nie regtig hoop verloor nie maar myself versterk in die Here my God (1 Samuel 30:6).

Tog het ons toe die aanbiddingsdiens gedoen en ek het 'n kragtige boodskap gepreek, en een van die twee besoekers het sy lewe vir die Here gegee en later aangebied om saam met my vir die Here te werk.

Nou het God my opgehef om te preek by veldtogte waar duisende mense vergader in Indië en ook buite die land. Sy Naam is verheerlik. Hiervoor moes ek jare lank wag met baie geduld en geloof.

Geliefde broers en susters, seil jy in 'n skip van mislukking? Dink jy dat al jou harde werk en gebede en vas geen vrug dra nie? Soms wanneer ons baie besig is en groot en onmiddellike resultate verwag is God stil om ons geloof en geduld teenoor Hom te toets.

"... sodat die egtheid van julle geloof getoets kan word. Julle geloof is baie kosbaarder as goud, goud wat vergaan. Selfs die suiwerheid van goud word met vuur getoets, en die egtheid van julle geloof moet ook getoets word, sodat dit lof en heerlikheid en eer waardig mag wees by die wederkoms van Jesus Christus." (1 Petrus 1:7).

God seën julle.

************

*....Contd. from page 6*

gehoorsaam." Wanneer God met ons praat moet ons ore oop wees en ons harte opreg en ontvanklik. Hy salf ons nie en praat nie as ons een met die wêreld is in allerlei onderduimshede en skuldige gewetens het nie. As ons leef soos God se kinders, sal ons sy stem hoor. As ons eerbiedig is en opreg leef, sal Hy siektes, probleme en hartsere verwyder sodat ons sy stem kan hoor.

Ek het God se stem drie keer in my lewe baie duidelik gehoor. Dit is 'n baie aangename stem. Een keer het ek Hom my naam hoor roep. 'n Ander keer het Hy my geroep vir sy bediening. Die derde keer het Hy my 'n belofte gegee terwyl ek siek was. Dit is baie moeilik om sulke ervarings te beskerm.

Liewe kinders van God, Hy is nie onregverdig dat Hy sal vergeet van al die goeie dinge en vrygewigheid wat jy gedoen het nie (Hebreërs 6:10). Hy is regverdig. As jy opreg is voor Hom en jouself as 'n 'bevoegde mens' voor Hom stel, sal Hy beslis saam met jou stap. Jy kan ook sy stem hoor. En bo alles sal Hy jou die genade betoon om sy wil te kan doen.

God se seën rus op die toegewydheid wat ons het in sy werk. Ons kan sekerlik sy stem hoor.

Derdens het Noag 'n groot werk by God gekry. Ons moet nie leef as dienaars wat nie opdragte van God gekry het nie. As jy volledig aan Hom oorgee, sal jy opmerk hoe Hy saam met jou stap. Wanneer ons nie in sy genade en liefde leef nie, slaag ons nie om sy werk suksesvol te doen nie. As ons op ons eie wil aangaan verval ons in mislukkings. Maar as ons in sy wil werk, gee dit vir ons groot mag.

Vervolgens maak Hy ons bekwaam, en so ontwikkel ons vaardighede. Hy vergoed ons ook in ons werk. Soms hoor ons iemand iets sê soos: "My seun het die Here se bediening begin, en ek wonder hoe hy aan die lewe gaan bly." Diegene wat vir God se koninkryk werk is die grootste mense in hierdie wêreld. God wil graag sy seën gee oor hulle wat vir sy Koninkryk werk. Noag was ook in staat om al die werk wat God gegee het, te voltooi.

Dikwels is dit moeilik om God se planne vir ons te aanvaar. Ons begin wonder as dit bokant ons gewone vermoëns is. God verwag dat elkeen van ons sal doen wat Hy wil. En ons behoort te doen presies wat Hy vra, wat dit ook al is.

Laastens lees ons: **"Noag het alles gedoen presies soos God hom beveel het."** (Genesis 6:22). God sal voltooi wat Hy begin het. Wat Hy in jou lewe begin het, sal Hy klaar maak. Hy sal beslis bereik wat Hy jou voor geroep het. **Jy moet maar net altyd vir God eerbiedig. Wees getrou voor Hom.** Moet nooit lieg nie. Baie wil die waarheid praat, maar net dan praat hulle leuens. **God sal nie leuenaars gebruik nie.** Verander jouself na iemand wat nie gulsig is nie. Probeer om gierigheid te haat.

**"Die Here is aan die kant van die goeie (opregte)."** 2 Kronieke 19:11.

*******

## BID ASSEBLIEF VIR ONS BEDIENINGE BY DIE HOOFKANTOOR

1. Gebedsdiens : 24 uur
2. **BYBELKOR -** Bybelkorrespondensiekursusse : Engels, Tamil & Hindi
3. **ECHO OF HIS CALL** - Maandblad: Engels, Tamil, Malayalam, Telugu, Hindi, Kannada, Marathi, Gujarati, Bengali, Odiya, Nepali, Assamees, Punjabi, Urdu, Singalees & Afrikaans.
4. Nehemia Bybelkolleges Drie) (Aand / Residensiëel)
5. Teologiese Korrespondensiekursusse: Engels en Tamil
6. Groot Opdrag-vennote (Netwerk van Pastore)
7. Opleidingsprogramme
8. Veldtogte
9. Literatuurverspreiding en Opvolg
10. Evangeliese Drukpers -- Publikasies
11. St. Paul's Matriculation School - Village English High School
12. Sondagskole : 8.30 vm. & 4.00 nm. Sondag
13. **Tamil dienste : 9.00 vm. Sondag**
14. **Hindi dienste : 4.00 nm. Sondag**
15. **Telugu diens : 5.00 nm. Sondag**
16. **Engels en Tamil diens : 6.00 nm. Sondag**
17. Vrouebiduur : 5.30 nm. Woensdag
18. Mannebiduur : 7.00 nm. Vrydag
19. Dissipelskapsbyeenkoms : 6.00 nm. Saterdag
20. Huisbyeenkomste : 6.30 nm. Dinsdae en Donderdae
21. Spesiale Heilige Nagmaal : 6.00 vm. Eerste dag van elke maand
22. Terugvoervergadering van dominees :5.30 nm. Eerste Saterdag
23. Gebedsgeleentheid vir ouers :4.00 nm. Eerste Sondag
24. Naggebed : 9.30 nm. Tweede Vrydag
25. Vastende Gebed : 9.30 vm. Derde Saterdag
26. Heilige Nagmaal : Tweede Sondagdienste
27. Jeug- / Kindergebede : 10.00 nm. daagliks
28. Personeelgodsdiens : 9.00 vm. daagliks
29. Kantoor : 9. 00 vm. tot 9.00 nm. (behalwe Sondae)

## Kind Attention!

### PR. S. SAM SELVA RAJ'S AUTOBIOGRAPHY!

Ons is in die pylvak van die voltooiing en uitgee van Pastoor S. Sam Selva Raj se outobiografie in boekformaat. **Ons vra vir julle getuienisse wat tot 10 lyne kan beslaan en wat vertel hoe God jou geestelike groei geraak het deur hierdie bediening.** Ons sal dit ook waardeer as jy 'n foto kan gee om in te sluit in die outobiografie.

- Redakteur

RNITCNO.TNAFR/2007/21215, Postal Regn.No.TN/CH/(C)/127/22-24

## 'n Goeie geleentheid om Echo of His Call Maandelikse Tydskrif gratis te kry

As jy vir ons die adresse van jou vriende / familie stuur per pos of e-pos, Whatsap of bel, sal ons maandeliks vir hulle **Echo of His Call** gratis stuur.

## Bid asseblief

### ST. PAUL'S MATRICULATION SCHOOL

Die Engelse Christen-Hoërskool wat Echo of His Call bedryf vir arm en weeskinders. Ons het borge nodig vir 200 kinders @ R200 per kind. Ons vra borge. Jy kan jou donasies na ons bankrekeninge in Suid-Afrika stuur.

**Onderrig van Gehalte!**
**Geestelike opleiding!!**

**Van kleuteronderrig tot Gr.10**

Kontak:

**10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai – 600 005.**
Telefoon : (+91-44) 2852 8282
Sel : (+91) 98410 71852
E-pos : sam@echoofhiscall.org

## ECHO OF HIS CALL

**Maandblad in 16 tale, Bybelkolleges, Korrespondensiekursusse, Kerkplanting, Village English High School, Evangeliese Drukpers, Uitreike, Seminare, Maatskaplike Dienste, ens.**

**Jaarlikse intekengeld Rs. 100/-** **Lewenslange intekengeld Rs. 2000/-**

Die veelvuldige aktiwiteite van die **Echo of His Call Bedieninge** word ondersteun deur die vrywillige offers en donasies van God se kinders soos jy. Jy kan **Echo of His Call** en ons aktiwiteite ondersteun soos die Here jou lei. Ons het jou hulp nodig om die evangelie uit te stuur na die onbereikte mense en om kerke te plant.

As jy gereeld die **Echo of His Call** maandblad wil ontvang, skryf asseblief aan ons. As jy van posadres of e-posadres verander, stel ons asseblief in kennis van jou ou en nuwe adres.

**Echo of His Call** is ook in 16 tale beskikbaar op ons webtuistes. Jy kan dit lees of op die webwerf gaan en dit aflaai en geseën word.

Julle briewe, gebedsversoeke en finansiële hulp (**Geldwissels, Tjeks of Aftrekorders, EO's, PayPal (Sam Selva Raj,** sam@echoofhiscall.org) **Tel.9841071858, Gpay (98410 71858), Western Union, MoneyGram** aan **Echo of His Call** kan asseblief gestuur word na die onderstaande adresse.

Stuur asseblief jou **landlyn/selfoonnommer** en **e-posadresse** vir opdatering.

**ECHO OF HIS CALL**

10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA
PH: (+91-44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766, Cell: (+91) 98410 71858, 98412 71858 / E.mails: sam@echoofhiscall.org / biblecor@yahoo.co.in
Websites: www.echoofhiscall.org / www.stpaulsmatriculation.com

**JY KAN JOU DONASIES OOK AANLYN STUUR**

Regd. With the Registrar of Newspapers for India under No. TNAFR/2007/21215
Postal Regn.No. TN/CH/(C)/127/22-24
Date of Publication: First week of every month
Date of Posting : 3rd & 4th of every month
Posted at "Egmore RMS / 1 Patrika Channel"
on 5th AUGUST 2024
If un-delivered please return to:
ECHO OF HIS CALL
P.O. Box No. 2957, Chepauk, Chennai - 600 005, INDIA.
Phone: (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766

***JESUS HET JOU LIEF!***

To

***GOD SEËN JOU!***

Owned and published by **S. Sam Selva Raj** from New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005 and printed by **S. Sam Selva Raj** at **Echo of His Call Printers**, New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005. Editor: **S. Sam Selva Raj.**